# SONDAGSKOOL LES – Wat weet jy van God?

**Doel van les:**

- Bekendstelling van tema.  Om kinders aan die dink te kry oor wat hulle van God weet.

**Aktiwiteit:  (10 min)**

Gee vir elke groep 'n sakkie met items in.  Hulle moet hierdie items gebruik om 'n eienskap van God uit te beeld bv.  'n pillehouertjie kan verwys na God as ons Geneesheer.

Kry terugvoering.

Hierdie kwartaal gaan ons bietjie meer van God leer ten opsigte van Name waarby Hy bekend staan en eienskappe wat ons dalk nie baie aan dink nie.  Hierdie is nie om te se dat ons nou vir God in 'n boks kan sit want ons weet alles van Hom nie.  Ons sal nooit kan nie, want Hy is groter as wat ons gedagtes ooit sal kan dink of imagine.  Dis 'n stap deur die Bybel om meer van Hom te ontdek wat ons kan help in ons geestelike lewens en ons verhouding met Hom.

Sluit af in groepe met gebed.